Uitgebreide kriteria vir COVID-19-toetse in die Kaapse Metro

September 2020

Wes-Kaapse Regering

- Met die verhoogde kapasiteit vir toetse, kan ons toetse uitbrei om meer mense in te sluit, veral diegene wat die meeste daarby sal baat vind.
- Buiten gesondheidswerkers en diegene wat die grootste risiko het vir ernstige COVID-19, kan meer groepe mense nou getoets word.

Almal wat na ’n staatsgesondheidsfasiliteit gaan, sal gesif word (vrae gevra word) maar **NET** mense wat in een van die volgende kategorieë val, sal getoets word:

Mense wat in die hospitaal opgeneem is en koronavirus-simptome het

Mense wat ouer as 55 jaar is en koronavirus-simptome het

Mense van enige ouderdom wat koronavirus-simptome en een of meer van die volgende toestande het:

- Diabetes
- Hoë bloeddruk of hartsiekte op behandeling
- Kanker op behandeling
- TB op behandeling
- MIV met swak nakoming van ARV's
- Chroniese longsiekte op behandeling (bv. asma, emfiseem, chroniese brongitis)

Mense wat in ’n versorgingsoord of tehuis vir bejaardes woon en koronavirus-simptome het

Gesondheidswerkers wat:

- Koronavirus-simptome het of
- Na blootstelling in kwarantyn is en teen dag 7 simptoomloos is maar moet terugkeer werk toe

NUUT

Mense wat op operasies wag, selfs al het hulle geen simptome nie

NUUT

Noodsaaklike staatsdienswerkers (SAPD, tronkpersoneel, brandbestryders, munisipale dienste, Eskom) wat koronavirus-simptome het

NUUT

Werkers by werkplekke wat koronavirus-simptome het

NUUT

Leerders en personeel by skole wat koronavirus-simptome het

Die volgende ander groepe sal getoets word:

NUUT

Gevangenes by korrektiewe fasiliteite wat koronavirus-simptome het

NUUT

Mense wat by die huis aan natuurlike oorsake gesterf het en koronavirus-simptome gehad het

BLY VEILIG

GAAN VOORT